## 30 Januarie — Josua 5:13-15

**Aan God se kant?**

Josua word deur 'n gewapende soldaat gekonfronteer. Is hy vriend of vyand? Hy antwoord met 'n *nee* en sê dat hy die leëraanvoerder van God is en dus aan God se kant. Die man se antwoord keer eintlik die vraag om na die vraag: Josua, aan wie se kant is jy?

Mense is voortdurend daarop uit om God vir hulle kant op te eis. Ons probeer om te bepaal aan wie se kant God is en dan voel ons veilig solank ons ons in daardie groep is. God kies egter nie kant nie. Hy is die almagtige God en Hy kies ons om aan sy kant te wees.

Die vraag is dus nie aan wie se kant God is nie, maar of u aan God se kant is.

Sing: Psalm 1:4

Ds. H.B. Hattingh (Amanzimtoti)